BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 13

In les 12 het ons gesien dat Jesus Christus drie dinge met sy Gees doen in ons lewe. Hy salf ons met sy Gees, Hy verseël ons met die Heilige Gees en Hy woon in ons harte [2Kor.1:21,22].
Die inwoning van die Heilige Gees beteken dat Christus deur sy Gees in ons woon. Nee – Hy is nie maar net 'n gas nie. Hy neem oor – Hy neem die leiding. Nou staan ons onder die invloed en heerskappy van die Heilige Gees.
In die tweede plek verseël Christus ons met sy Heilige Gees. Hierdie verseëling wys na die kenteken of brandmerk wat aan slawe gegee is om hulle as eiendom te merk. By die gelowige is die Heilige Gees self die seël. Hierin vind ons die gedagte van veiligheid en beskerming. Die seël is die waarborg dat Christus ons deur sy Gees sal vashou tot die dag van sy wederkoms.
In die derde plek is daar die salwing. By die salwing dink ons terug aan die Ou Testament. Daar lees ons van profete, priesters en konings wat met olie gesalf is. Die olie was altyd beeld van die Heilige Gees. Die salwing met die Heilige Gees het te doen met toerusting. Die Gees wat in ons woon en waarmee ons verseël is, wil ons ook toerus vir ons taak in die wêreld. So vind ons in les 12 die Heilige Gees **oor** ons en **op** ons en **in** ons.

DIE HEILIGE GEES EN MY GEESTELIKE GROEI.

LEES Romeine 6:15-23.

1. In vers 16 en 18-19 lees ons van twee soorte “base” aan wie ons gehoorsaam kan wees. Wie is hulle?

2. Waartoe lei die gehoorsaamheid aan die sonde? [Vers 16,21,23].

3. Waartoe lei die gehoorsaamheid aan God? [Vers 16,19,23].

4. Wat beteken heiligmaking? [In u eie woorde].

Ons het reeds kortliks by die vervulling met die Heilige Gees stilgestaan. Vir die bybelstudie wat volg, is dit belangrik om weer noukeurig hierna te kyk.

5. LEES Efesiërs 5:18. Wat is die opdrag?

6. Petrus en die gelowiges saam met hom, is op Pinkster met die Heilige Gees vervul. Tog lees ons in Handelinge 4:8 en 31 dat hulle weer met die Heilige Gees vervul word. Wat kan ons hieruit aflei?

7. Wat beteken dit om met die Heilige Gees vervul te word?

8. LEES Handelinge 1:14.
   Hoe vind die vervulling met die Heilige Gees in ons lewe plaas?

9. LEES Handelinge 13:52 asook 4:13,29,31.
   Volgens hierdie gedeeltes is daar twee eienskappe wat na vore kom wanneer jy vervul word met die Heilige Gees. Noem die twee eienskappe.

10. Wat is die verband tussen vervulling met die Heilige Gees en heiligmaking?

B. <u>ANTWOORDE</u>.

1. Die sonde en God.
2. Die ewige dood sonder God.

3. Die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Jesus Christus. Maar volgens vers 19 en 22 kom daar iets by. 'n Gelowige word opgeroep om heilig te lewe. Dit beteken dat sy hele lewe afgesonder moet word vir die Here. Paulus gebruik 'n werkwoordsvorm wat verduidelik dat ons voortdurend – al hoe meer – vir die Here moet leef. Dit staan as heiligmaking bekend.
4. Heiligmaking beteken nie dat ek myself heilig maak nie. Dit beteken wel dat ek al hoe meer vir God lewe. Ek lewe al hoe meer soos wat Hy dit van my verwag. Dit beteken dat ek sekere dinge wat ek nog altyd gedoen het, laat staan. Dit beteken ook dat ek ander dinge waaraan ek my voorheen nooit gesteur het nie, nou begin doen.
5. Van God kom die dringende oproep dat ons met die Heilige Gees vervul moet word.
6. Vervulling met die Heilige Gees is baie duidelik 'n voortdurende gebeurtenis in 'n gelowige se lewe. Daarom sê Paulus ook letterlik in Efesiërs 5:18 dat gelowiges sonder ophou met die Heilige Gees vervul moet word.
7. Dit beteken dat 'n gelowige vol moet word van die Gees sodat die Gees wat in hom woon, sy lewe heeltemal sal vul en regeer. So word jy meer en meer 'n nuwe mens wat die beeld van Christus sal vertoon.
8. Hernude vervulling van die Heilige Gees is die vrug van innige gebed.
9. In die eerste plek bewerk die vervulling met die Heilige Gees groot blydskap in ons lewe.
   Die tweede kenmerk van die vervulling met die Heilige Gees is om met vrymoedigheid oor die Here te praat.
10. Heiligmaking is vervulling met die Heilige Gees in aksie. Deur heiligmaking word die vervulling met die Heilige Gees sigbaar in ons lewe.

****